## DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

No. 2006 30 September 1977

RAAD VAN KURATORE VIR NASIONALE PARKE
HERAANSTELLING VAN LEDE

Dit het die Staatspresident behaag om ingevolge artikels 5 en 6 van die Wet op Nasionale Parke, 1976, die volgende lede van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir die tydperk 17 September 1977 tot 16 September 1982 weer aan te stel:

Sy Edele D. C. H. Uys.
Dr. G. de V. Morrison, L.V.
Dr. O. Martiny.

No. 2007 30 September 1977

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE SEKRETARIS VAN LANDBOUKREDIET EN GRONDBESIT

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Landbou sy goedkeuring geheg het aan die aanstelling, met ingang van 19 September 1977, van Donovan Korsten as Waarnemende Sekretaris van Landboukrediet en Grondbesit gedurende die afwesigheid van Petrus Ludolf Steyn.

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

No. 2006 30 September 1977

NATIONAL PARKS BOARD OF TRUSTEES
REAPPOINTMENT OF MEMBERS

The State President has, in terms of sections 5 and 6 of the National Parks Act, 1976, been pleased to reappoint the following members of the National Parks Board of Trustees for the period 17 September 1977 to 16 September 1982:

The Honourable D. C. H. Uys.
Dr G. de V. Morrison, M.P.
Dr O. Martiny.

No. 2007 30 September 1977

APPOINTMENT OF ACTING SECRETARY FOR AGRICULTURAL CREDIT AND LAND TENURE

It is hereby notified for general information that the Minister of Agriculture has approved the appointment, with effect from 19 September 1977, of Donovan Korsten as Acting Secretary for Agricultural Credit and Land Tenure during the absence on leave of Petrus Ludolf Steyn.

## DEPARTEMENT VAN MYNWESE

No. 1973 30 September 1977

GROND VIR DIE AFPENNING VAN KLEIMS OOP VERKLAAR

Die Minister van Mynwese het kragtens artikel 41 (1) van die Wet op Mynregte, 1967 (Wet 20 van 1967), verklaar dat die grond wat voorheen gehou is as kleims waarvan besonderhede in bygaande Bylae verskyn, vanaf 09h00 op die 26ste dag van Oktober 1977 oop is vir die afpenning, ooreenkomstig die bepalings van Hoofstuk VI van genoemde Wet, van kleims vir edelmetale of onedele minerale, na gelang die grond vir edelmetale of vir onedele minerale geproklameer is.

(18/5/3/7)

## DEPARTMENT OF MINES

No. 1973 30 September 1977

LAND DECLARED OPEN FOR THE PEGGING OF CLAIMS

The Minister of Mines has, in terms of section 41 (1) of the Mining Rights Act, 1967 (Act 20 of 1967), declared that the land previously held as claims, details of which appear in the Schedule hereto, shall be open as from 09h00 on the 26th day of October 1977, for the pegging, in terms of the provisions of Chapter VI of the said Act, of precious metal claims or base mineral claims, depending on whether the land has been proclaimed for precious metals or for base minerals.

(18/5/3/7)

BYLAE—SCHEDULE
MYNDISTRIK PIETERSBURG—MINING DISTRICT OF PIETERSBURG
EDELMETAALKLEIMS—PRECIOUS METAL CLAIMS

| Lis. No. Lic. No. | Onderskeidingsnommers van kleims Distinctive numbers of claims | Getal kleims Number of claims | Kaart-nommer Diagram number | Naam van laaste geregistreerde houer Name of last registered holder | Plaas en distrik Farm and district |
|---|---|---|---|---|---|
| 8230 | Ongenommer/Unnumbered | 6 | — | E. M. Mocke.................. | Eersteling 17 KS, Pietersburg. |
| 8271 | Ongenommer/Unnumbered | 10 | — | E. M. Mocke.................. | Eersteling 17 Ks, Pietersburg. |
| 8384 | Ongenommer/Unnumbered | 4 | — | G. A. Els..................... | Eersteling 17 KS, Pietersburg. |

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

No. 1986 30 September 1977

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby Perseel 1779 van Pietermaritzburg-dorpsgrond 1687, met die historiese Italiaanse krygsgevangenekerk daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Perseel 1779 van die Dorpsgronde van Pietermaritzburg 1687, met die historiese Italiaanse krygsgevangenekerk

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

No. 1986 30 September 1977

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare Lot 1779 of the Townlands of Pietermaritzburg 1687, with the historic Italian prisoner-of-war church thereon, to be a national monument.

*Description*

Lot 1779 of the Townlands of Pietermaritzburg 1687, with the historic Italian prisoner-of-war church thereon,

26

daarop, geleë in die stad en distrik Pietermaritzburg, provinsie Natal, en vierduisend agthonderd-en-veertien (4 814) vierkante meter groot.

Transportakte 6831/1977, gedateer 17 Mei 1977.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die kerk is in 1944 deur Italiaanse krygsgevangenes van Kamp 4, geleë in die buitewyke van Pietermaritzburg, opgerig en word nog steeds deur die Italiaanse gemeenskap gebruik. Dit is ten nouste verbonde met die geskiedenis van die Italiaanse gemeenskap in Suid-Afrika.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1987 30 September 1977

VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die restant van Erf 91, Noupoort, met die historiese Anglikaanse Kerkgebou daarop, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Sekere stuk vrygekoopte erfpaggrond geleë in die munisipaliteit Noupoort, afdeling Colesberg, synde die restant van Erf 91, Noupoort, met die historiese Anglikaanse Kerk daarop en groot 674 (Seshonderd vier-en-sewentig) vierkante meter.

Transportakte 15124/1977, gedateer 22 Junie 1977 (Paragraaf 1).

*Historiese en argitektoniese belang*

Die klipkerk is in 1901 deur Britse troepe, wat hul hoofkwartier op Noupoort gehad het, in die neo-Gotiese styl opgerig en is nou verbonde met die geskiedenis van die dorp. 10/2/522.

P. G. J. KOORNHOF, Minister van Nasionale Opvoeding.

## DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE

No. 1970 30 September 1977

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 3 (5) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), bekendgemaak dat die Minister van Openbare Werke, kragtens artikel 12 (2) van genoemde Wet, Robert Johannes Baasch in die plek van David Baxter Miller as plaasvervangende lid vir Llewellyn Redvers Robinson van die Professionele Adviserende Komitee insake Meganiese Ingenieurswese vir die tydperk eindigende 13 Februarie 1981 aangestel het.

No. 1971 30 September 1977

AANKONDIGING INGEVOLGE ARTIKEL 3 (5) VAN DIE WET OP PROFESSIONELE INGENIEURS, 1968 (WET 81 VAN 1968)

Hierby word ingevolge artikel 3 (5) van die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), bekendgemaak dat die Minister van Openbare Werke, kragtens artikel 3 (4) van genoemde Wet, Robert Johannes Baasch in die plek van David Baxter Miller as plaasvervangende lid vir Llewellyn Redvers Robinson van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs vir die tydperk eindigende 13 Februarie 1981 aangestel het.

situate in the City and County of Pietermaritzburg, Province of Natal, in extent four thousand eight hundred and fourteen (4 814) square metres.

Deed of Transfer 6831/1977, dated 17 May 1977.

*Historical and architectural interest*

The church was erected in 1944 by Italian prisoners of war of Camp 4, situated in the outskirts of Pietermaritzburg, and is still used by the Italian community. It is closely associated with the history of the Italian community in South Africa.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

No. 1987 30 September 1977

DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pieter Gerhardus Jacobus Koornhof, Minister of National Education, hereby declare the remainder of Erf 91, Noupoort, with the historic Anglican Church building thereon, to be a national monument.

*Description*

Certain piece of redeemed quitrent land situate in the Municipality of Noupoort, Division of Colesberg, being the remainder of Erf 91, Noupoort, with the historic Anglican Church thereon and measuring 674 (Six hundred and seventy-four) square metres.

Deed of Transfer 15124/1977, dated 22 June 1977 (Paragraph 1).

*Historical and architectural interest*

The stone church in the neo-Gothic style was erected in 1901 by British troops, who had their headquarters at Noupoort, and is intimately associated with the history of the town. 10/2/522.

P. G. J. KOORNHOF, Minister of National Education.

## DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS

No. 1970 30 September 1977

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 3 (5) OF THE PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

It is hereby notified, in terms of section 3 (5) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), that the Minister of Public Works has, under and by virtue of section 12 (2) of the said Act, appointed Robert Johannes Baasch alternate member to Llewellyn Redvers Robinson of the Professional Advisory Committee on Mechanical Engineering, for the period ending 13 February 1981, vice David Baxter Miller.

No. 1971 30 September 1977

NOTIFICATION IN TERMS OF SECTION 3 (5) OF THE PROFESSIONAL ENGINEERS' ACT, 1968 (ACT 81 OF 1968)

It is hereby notified, in terms of section 3 (5) of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), that the Minister of Public Works has, under and by virtue of section 3 (4) of the said Act, appointed Robert Johannes Baasch alternate member to Llewellyn Redvers Robinson of the South African Council for Professional Engineers, for the period ending 13 February 1981, vice David Baxter Miller.

27